

## HOOFSTUK 8: JOSEF EN VERDER

Hebron was Jakob se laaste woonplek in Kanaän.

### 1. Die verbondsvolk groei

Abraham, Isak en Jakob was die grondleggers van die volk van die verbond.

- Die volk het uitgebrei. Met die twaalf seuns van Jakob verbreed die geslagsboom nou in twaalf takke.
- Daarmee het die gevare ook groter geword dat die volk van die verbond met die ander volke sou vermeng.
- Daarom het die Here nou vir sy volk 'n toekoms beplan op 'n plek waar hulle sonder baie invloede eers kon ontwikkel tot 'n groot volk voordat Hy hulle na die beloofde land, Kanaän, toe sou neem.
- Om hierdie deel van sy raadsplan uit te voer, neem die Here hulle weg na Egipte. Die rede was die volgende:
  - Die Egiptenare het 'n herdersvolk verafsku.
  - Daar was nie veel gevaar dat hulle sou vermeng nie.
  - Deur Josef se geskiedenis het die Here die volk van Israel na Egipte gelei.

### 2. Josef se jong jare

Josef was die eerste seun van Ragel, en aangesien Ragel Jakob se geliefde vrou was, het hy Josef ook baie liefgehad.

- As teken van sy bevoorregting van Josef het hy vir hom lang klere met moue gemaak.
- Dit het sy broers baie afgunstig gemaak op Josef.
  - Hul afkeer teenoor hom is verder vergroot toe hy stories oor hulle by hulle pa aangedra het.
  - Ook die drome wat Josef aan sy pa en aan sy broers vertel het, het hulle woedend gemaak. Hy het gedroom dat die gerwe van sy broers tydens die oestyd voor sy gerf kom neerbuig het, en ook dat die son, maan en elf sterre voor hom kom buig het. Jakob het hom hieroor bestraf, maar hy het tog aan die drome bly dink.

### 3. Josef se verhouding met sy broers

In Genesis 37 word beskryf hoe Josef na Egipte toe verkoop en as slaaf ontvoer is. Sy pa het hom gestuur om te gaan uitvind hoe dit met sy broers gaan.

- Hulle was met hulle skape in die omgewing van Sigem. Josef het hulle gesoek en nog meer noordwaarts, by Dotan, gekry.
- Die broers het hom sien aankom, en hulle het besluit om die “dromer” dood te maak.
- Ruben, die oudste, het voorgestel dat hulle hom in 'n put gooi, want hy het gedink dat hy Josef later kon red.
  - Terwyl hulle geëet het, het daar 'n geselskap Midianitiese handelaars verby gekom, en Juda het die voorstel gemaak dat Josef aan hulle verkoop word.
  - Die broers het Josef vir twintig stukke silwer aan die Midianiete verkoop. Toe vat hulle sy klere, doop dit in die bloed van 'n bokkie en stuur dit na hulle pa toe.
  - Ruben was nie by toe Josef verkoop is nie, en hy was bedroef oor hierdie daad van sy broers.
- Toe Jakob die bebloede klere van Josef sien, was hy troosteloos en het oor hom bly treur, want hy het gedink dat Josef deur 'n wilde dier verskeur is.

## 4. Josef in Egipte

### 4.1 By Potifar

In Egipte is Josef as slaaf verkoop aan Potifar, hoof van die lyfwag in die farao se paleis.

- Josef was sewentien jaar oud toe hy by Potifar gekom het.
- God was by Josef en dit het met hom goed gegaan. Potifar het hom oor sy hele huis aangestel.
- **God het hom juis hierin gelei om hom vanuit hierdie posisie in selfvernedering te laat ryp word vir sy hoë lewensroeping. Dit was die begin van Josef se leerskool om later in 'n magsposisie in Egipte te kon optree.**
- **Die Here wou Josef egter nie altyd daar laat bly nie, en daarom gebruik die Here sonde in diens van sy eer om Josef te verskuif na die volgende plek waar hy “opgelei” moes word, en waarvandaan hy kon klim tot by 'n heerser oor die Egiptenare.**

#### Die Here het dit só laat gebeur:

- Potifar se vrou het Josef probeer verlei om owerspel te pleeg.
- Josef het die verleiding egter weerstaan. Om haar eie daad te verberg, het Potifar se vrou Josef daarvan aangekla dat hy probeer het om haar te oorrumpel.
- Potifar het sy vrou se aanklag geglo, en hy het Josef sonder verhoor in die tronk laat gooi.

### 4.2 Die tyd in die tronk

In die tronk was God ook by Josef. Hoewel hy vals deur Potifar veroordeel is, het hy in die tronk die goedgesindheid van die tronkbewaarder verwerf en hy is daar in beheer van die gevangenes geplaas.

- In die verhoging van Josef wat van hier af begin, kan gesien word hoe God se raad tot ontplooiing kom.
  - Josef moes in die tronk kom om in aanraking te kom met die dienaars van die farao. Hy het die bakker en die skinker van die farao daar leer ken.
  - Hulle het albei in die tronk 'n droom gehad.
    - Die skinker het gedroom dat hy 'n wingerdstok sien met drie bloeiende lote, en dat hy die driuwe daarvan uitdruk in die farao se beker.
    - Die bakker het gedroom dat hy drie mandjies brood op sy kop gedra het, en in die boonste een was daar 'n geurige baksel vir die farao, wat deur die voëls opgevreet is.
  - Josef het hul drome vir hulle uitgelê.
    - Die skinker is vrygelaat en het weer in die koning se paleis gekom, maar die bakker is opgehang.

## 5. Josef se verhoging

Genesis 41 verhaal hoe Josef uit die tronk gekom het. Twee jaar nadat die bakker dood is en die skinker weer in sy amp herstel is, het die farao 'n droom gehad.

- Hy het gedroom dat hy by die Nylrivier staan en sien hoe daar sewe vet koeie opkom uit die rivier, en daarna hoe daar sewe maer koeie opkom en die sewe vet koeie opvreet en nog net so maer bly.
- Hy het weer gedroom en gesien hoe sewe maer koringare sewe vet are insluk.

Toe geeneen van die towenaars en van die wyse manne die drome kon uitlê nie, het die skinker aan Josef gedink. Josef is toe uit die tronk gehaal en voor die farao gebring. Die farao het vir Josef vertel wat hy alles gedroom het. Josef het God die eer gegee vir die vermoë wat hy het om drome uit te lê. Josef het die drome uitgelê.

- Eers sou daar sewe jaar van voorspoed wees, en daarna sewe jaar van hongersnood.
- Josef het aan die farao die raad gegee om 'n wyse man aan te stel wat in die jare van voorspoed graan insamel en bêre vir die sewe jaar van hongersnood.

Die farao het die raad gevolg, en hy kon geen beter man kry as Josef self nie.

- Josef is as onderkoning aangestel, en die farao het hom die naam “Safenat-Paneag” gegee, dit is “behouer van die lewe”.
- Hy het Asenat, die dogter van Potifera, vir hom as vrou gegee, en uit hierdie huwelik is Manasse en Efraim gebore.
- Josef het met groot sorg en toewyding graan ingesamel en dit in die graanskure gebêre.

## **6. Die hongersnood in Kanaän en die gevolge daarvan**

### **Josef se broers in Egipte**

Toe die sewe jaar van hongersnood aanbreek, was daar ook geen graan in Kanaän nie, want die hongersnood het tot daar gestrek – natuurlik soos wat die Here dit beplan het.

Jakob het toe tien van sy seuns gestuur om graan in Egipte te gaan koop, maar hy het Benjamin, die jongste seun van Ragel, agtergehou.

- Josef het hulle dadelik herken en teruggedink aan die drome wat hy gehad het. Hy het egter gemaak of hy hulle nie ken nie en hulle daarvan beskuldig dat hulle spioene is.
- Hy wou graag weer vir Benjamin sien, en daarom het hy hulle laat teruggaan, maar vir Simeon agtergehou totdat hulle vir Benjamin sou saambring.
- Toe hulle op hulle terugreis hulle sakke oopmaak, vind hulle hulle geld in die sakke terug.

Jakob het eers geweier om Benjamin te laat saamgaan, maar hy moes eindelijk nood-gedwonge toegee.

- Eers het Ruben aangebied dat Jakob sy twee seuns kan doodmaak as hy die seun Benjamin nie terugbring nie (Gen. 42:37).
- Later het Juda aangebied om vir Benjamin borg te staan (Gen. 43:8,9).

Toe hulle weer in Egipte aankom en Josef vir Benjamin sien, het sy gemoed volgeskiet. Hy het sy broers hierdie keer sag behandel en hulle na ’n maaltyd uitgenooi. Tot hulle verbasing is hulle volgens ouderdom aan die tafel geplaas, en aan Benjamin is vyf maal soveel voorgesit as aan die ander.

Toe hulle op die terugreis Josef se beker in Benjamin se sak vind, was hulle verslae. Hulle het almal saam teruggegaan en aangebied om Josef se slawe te wees. Josef het voorgegee dat hy net die skuldige wou agterhou, en Juda het vir hom as borg na vore gekom. Hierin lê profeties die borgskap van Jesus vir die uitverkorenes, want Hy is uit Juda gebore.

Toe kon Josef hom nie langer bedwing nie, en hy het hom aan sy broers bekend gemaak.

- Hy het hulle met geen woord verwyd nie.
- Hy het net God se voorsienigheid bely (Gen. 45:5).
  - God het uit die kwaad die goeie laat voortkom en vir sy eie doel alle dinge ten goede laat meewerk.

Jakob was stomgeslaan toe hy verneem dat Josef nog leef. Josef het waens saamgestuur en het Jakob met sy hele familie na Egipte laat haal om daar te gaan woon.

- Hulle was altesaam 70. Handeling 7:14 leer dat daar 75 siele was.
- Hulle het in die land Gosen gaan woon, en daar het Jakob se twaalf seuns tot twaalf stamme uitgegroe.

Omdat hulle veeboere was en die Egiptenaars ’n afkeer van veeboere gehad het, het die Egiptenaars hulle in vrede gelaat. Hulle kon dus afgesonderd lewe in Egipte waar God hulle laat aangroei het tot ’n groot volk. Later, tydens die reis na Kanaän, het die Here hulle deur diep beproewings gelouter sodat

hulle in Kanaän die volk kon wees wat toegerus was vir hulle roeping.

## **7. Betekenis van Josef**

In bepaalde opsigte was sekere gebeurtenisse in Josef se lewe 'n voorafskaduwing van Christus.

- Hy is ook deur sy eie mense gehaat en vals beskuldig.
- Hy is ook vir geld verkoop.
- Josef is verneder om verhoog te word om daardeur sy volk te red, en om selfs tot 'n seën vir die wêreld te word.
- Hy is 'n tipe middelaar omdat hy verlossing en blyplek vir sy volk voorberei. Hy is dus ook 'n “wegbereider” soos Christus.